LUCAS MEYER PRIMÊRE SKOOL

SKOOLREËLS

(Hersien en aangepas 2008)

Elke ingeskrewe leerling tot Lucas Meyer Primêre Skool onderwerp hom/haar aan die Gedragskode van die skool. **LET WEL:** Elke leerling verteenwoordig bykans te alle tye sy skool. Van elke leerling word lojaliteit gevra en optrede wat sodanig is dat dit nie slegs jouself en jou ouers nie, maar ook jou skool tot eer sal strek.

Die volgende reëls is riglyne wat mag meehelp dat die Gedragskode gehoorsaam word:

A. ALGEMENE HOFLIKHEIDSREËLS WAT TE ALLE TYE VAN TOEPASSING IS

1. Van alle leerlinge word verwag om te alle tye hoflik en bedagsaam te wees.
2. Van leerlinge word verwag dat hulle sal opstaan en alle besoekers aan die skool sal groet asook personeel en werkers wanneer hulle binne of buite skoolverband raakgeloop word.
3. Alle billike opdragte van personeel, kantoorpersoneel en leerlingleiers moet stiptelik gehoorsaam word.

B. ALGEMENE SINDELIKHEIDSREËLS

1. Leerlinge moet te alle tye toesien dat hulle skoon en netjies is.
2. Die skoolterrein, geboue en kleedkamers moet skoon en netjies gehou word.
3. Geen leerling mag verby vullis stap nie. Dit moet opgetel en in die naaste vullishouer geplaas word.
4. Die kou van kougom word nie op die skoolterrein toegelaat nie, asook nie tydens enige skoolaktiwiteit nie.

C. ALGEMENE KLASKAMERREËLS

1. Aan die begin van elke klas staan leerlinge op en groet personeel.
2. Indien ouers, ander personeel of besoekers by ‘n klas opdaag staan leerlinge ook op en groet.
3. Reageer dadelik op ‘n opdrag.
4. Geen leerling praat, staan op of loop rond as ‘n onderwyser nie in die klas is nie.
5. Leerlinge verlaat nie ‘n klas voordat ‘n personeellid hulle verdaag het of instruksie in die verband gegee het nie.
6. Indien ‘n leerling aandag wil hê moet hy sy hand opsteek.
7. Alle klasopdragte moet stiptelik en betyds voltooi word.
8. Elke leerling se gedrag moet sodanig wees dat dit nie steurend is nie.
9. Tydens aankondigings oor die interkom moet leerlinge stilbly en aandag gee.
10. Senior fase leerlinge (Gr 4 - Gr 7) mag slegs gedurende onderrigtyd buite die klaskamer wees indien hy in besit van ‘n LMS toestemmingskaart is.

D. ALGEMENE REËLS VOOR SKOOL

1. Geen leerling mag **voor** 07:00 die skoolterrein binnegaan nie.
2. Tasse mag voor skool netjies in ‘n ry teen die muur by klasse geplaas word. Daarna moet leerlinge dadelik na die speelterrein verdaag.
3. Geen hardloop speletjies word voor skool toegelaat nie.

4. Geen fietsry word binne die skoolterrein toegelaat nie. Fietse moet vanaf die toegangshekke gestoot word.

5. Sodra die klok lui moet leerlinge stiptelik na die aantree-area beweeg sonder om te hardloop.

6. Sorg dat hande skoon is voordat daar na die aantree-area beweeg word.

E. **ALGEMENE REËLS GEDURENDE POUSES**

1. Leerlinge moet ordelik, maar vinnig die klasse ontruim en na die speelterreine, snoepie of mediasentrum beweeg.

2. Geen balspele word tussen geboue toegelaat nie.

3. Leerlinge mag slegs op aangewysde speelterreine speel.

4. Geen leerling mag gedurende pouses of enige ander tyd die skoolterrein verlaat sonder toestemming van ‘n personeellid nie.

5. Twee klokke dui einde van pouse aan. Sodra die 1e klok lui moet alle aktiwiteite gestaak word en moet leerlinge na toilette/waskamers of die aantreepunt beweeg. Sodra die 2e klok lui moet leerlinge reeds by die rye op die aantreeterrein wees.

6. Tydens aantreetyd moet leerlinge in klasrye wees, stil en ordelik.

7. Na afkondigings verdaag leerlinge ordelik in rye na sy/haar klas sonder om te gesels. Hierdie reëling geld ook vir klaswisseling.

8. Leerlinge mag nie by die skool, afgesien van amptelike sportoefening, kontaksport be-oefen nie.

F. **REËLS MET BETREKKING TOT VOORKOMS**

1. Die skooluniform en sportdrag soos voorgeskryf is die enigste drag wat by die skool onder normale omstandighede toegelaat word.

2. Skooldrag moet netjies en skoon wees.

3. Die skooldrag is tans:

DOGTERS	**SEUNS**
* Emerald groen Tetrex oorrok met skoolwapen. (Lengte (staan op knieë) rok nie meer as 10cm vanaf grond nie) * Wit kortmou oopslaan hemp * Emerald groen enkelkouse (omgevou) * Bottelgroen moulose trui * Bottelgroen V-nek trui met ingeborduurde wapen * Swart sykouse (indien die weer dit regverdig) * Swart skoolskoene (Gespe of veters) * Sweetpak: Bottelgroen met swart en oranje koord * Sportdrag (skooldag): Swart boxer tipe broek met groen en oranje sporthemp, asook oorwegend wit tekkies met wit kouse	* Wit hemp met ingeborduurde sakwapen * Grys kort- of langbroek * Grys kouse met groen, swart en goue strepe * Swart skoolskoene (Gespe of veters) * Bottelgroen moulose trui * Bottelgroen V-nek trui met ingeborduurde wapen * Sweetpak: Bottelgroen met swart en oranje koord * Sportdrag (skooldag): Swart boxer tipe broek * Groen en oranje hemp **LW:** Indien sweetpak gedra word moet ‘n swart kortbroek onder die sweetpakbroek gedra word.
Tydens die Winterseisoen kan bottelgroen handskoene en serpe gedra word.	

4. Juweliersware wat toegelaat word is:

4.1 Horlosie met eenvoudige bandjie.

4.2 By dogters - oorringetjie of “studs”. Hierdie oorringetjies of “studs” mag slegs aan die oorbel gedra word - slegs een per oor. Die ringetjies of “studs” moet silwer of goudkleurig wees sonder enige toevoegings.

4.3 Slegs mediese waarskuwingsplaatjies mag as armband gedra word.
LET WEL: Geen ringe word toegelaat nie.

5. Geen grimering mag gedra word nie. Kleur van ooghare/wenkbroue is nie toelaatbaar nie.

6. Hare moet skoon wees en netjies vertoon. Los hare mag nie aan die kraag raak nie. Haarrekkies, haarknipsels mag slegs die volgende enkelkleure wees: emerald- of bottelgroen; bruin en swart. Lang hare moet netjies vasgemaak wees.

7. Leerlinge word nie toegelaat om hare te kleur of “highlights” te hê nie.

8. Seuns se hare mag nie aan die kraag of ore raak nie. Moet skoon en netjies wees.

9. Haargel mag nie gebruik word nie.

10. Naels moet skoon en kort gehou word. Die gebruik van naellak is ontoelaatbaar.

G. REËLS MET BETREKKING TOT KOMMUNIKASIE

1. Skriftelike briewe en kennisgewings moet betyds aan ouers gegee word. Antwoordstrokies moet betyds ingehandig word.

2. Die skool se telefone mag slegs in spesiale of noodgevalle gebruik word.

3. Leerlinge mag nie selfone skool toe bring nie.

4. Onder baie spesiale omstandighede moet ouers skriftelik motiveer waarom ‘n leerling ‘n selfoon mag skool toe bring.

5. Indien ‘n spesiale versoek toegestaan word mag die selfoon nie in die klaskamer, of enige ander formele byeenkoms gebruik word nie.

H. ALGEMENE VEILIGHEID

1. Padveiligheidsreëls moet stiptelik deur ouers en leerlige toegepas word, veral met betrekking tot die aflaai of oplaai van leerlinge.

2. Afhaal van leerlinge na skoolaktiwiteite: Moet asseblief stiptelik geskied.